23 Julie 2010

Die Weer

- Bela-Bela
- Modimolle
- Mookgopong
- Geen

Nuusskakels

Myn sal Nylsvley se einde beteken

Bewaringsorganisasies behoort nie net bekommerd te wees oor die goedgekeurde steenkoolbedrywighede wat by die Mapungubwe-erfenisgebied in die noorde van Limpopo beplan word nie.

Die Nylsvley-bewaringsgebied is nou ook blykbaar in die visier van prospekteerders. Dit het bekend geword dat die mynmaatskappy African Exploration Mining and Finance Corporation (AEMFC) by die departement van mynwese aansoek gedoen het om 'n prospekteerlisensie vir die myn van steen-kool in die omgewing van Nylsvley. Daar word aansoek gedoen vir die regte van 'n oopgroefmyn.

Die Nylsvley-natuurreservaat is 'n Ramsar-gebied en in dié vleiland word 104 voëlspesies aangetref, waarvan 23 op die lys van bedreigde spesies voorkom. Oopgroefmyn aktiwiteite sal, volgens kenners, grootskeepse water-, lug en grondbesoedeling tot gevolg hê en die natuurlewe in en rondom Nylsvley "grootliks vernietig".

Die Pos wil sy stem saam met die Distrik Landbou-unie dik maak in die bevegting van hierdie aansoek. Hopelik sal bewaringorganisasies ook betrokke raak. Geen regdenkende mens kan die ekonomiese korttermynvoordele opweeg teen die langtermyn bewaring van ons land se natuurskatte nie. Mediumtermyn-werksgeleenthede kan ook nie kers vashou by bedrywe soos landbou, waar volhoubare aktiwiteite, wat voordele vir mens én natuur inhou, beoefen word nie.

Die mynbedrywighede sal uit die aard van die saak ook eko-toerisme nadelig raak. Toerisme in Suid-Afrika het vyf jaar gelede al meer bygedra tot die inkomste van die binnelandse staatskas as goud.

'n Mens spreek die hoop uit dat die minister van mynwese al bogenoemde faktore in gedagte sal hou en nie net sal vaskyk in die ekonomiese voordele wat voortspruit uit mynaktiwiteite nie. 'n Mens hoop dat die bohaai wat nou deur bewaringsorganisasies oor Mapungubwe opgeskop word, 'n invloed op dié departement se besluit oor AEMFC se aansoek sal hê.

Die geskiedenis van ons land én die res van Afrika wys egter dat waar ekonomiese voordele opgeweeg word teen omgewingsfaktore, die eerste gewoonlik swaarder weeg. Dikwels word internasionale ondernemings toegelaat om hulpbronne te ontgin. 'n Mens het nie nodig om uit te brei oor die gevolge nie en jy hoef ook nie 'n ekonoom te wees om te voorspel dat die grootste gedeelte van die wins hoofsaaklik in vreemde koffers beland nie.

Boere, inwoners, toerisme-organisasies en sakelui in die Waterberg behoort saam te staan om die departement van mynwese te oortuig om nié AEMFC se aansoek toe te staan nie.

Kopiereg : Die Pos

Kontak ons

Minnaarstraat 7
Bela-Bela
0480

Posbus 16
Bela-Bela
0480

Tel : 014 736-2723
Faks : 014 736-3428

e-pos: diepos@icon.co.za

Voorblad
Dagboek
Ons Hoor
Klein advertensies
Vakatures
Brief aan die redakteur
Kontak ons

Hoofartikel
Myn sal Nylsvley se einde beteken

Nuus
Skadu oor toekoms van erfenis-kroon
Aanvaller steek sakeman met mes
Booswigte se wêreldbeker-roes klaarblyklik afgeslaap
Nuwe hart enigste hoop vir seun van Vaalwater
Hartseer verdiep ná dood van kinders in veldbrand
Beter paaie is maar net die begin vir Bela-Bela

Sport
Duiwe vlieg swaar in snerpende koue

Boerdery
Groenskrif oor grondhervorming voorspel moeilikheid

Briewe
Moontlik 'nag' vir Bela-Bela
Dit is geen prestasie
Bewaar Nylsvley teen ontwikkeling